

bestaan nie, maar is, volgens ons beskouing, slegs 'n aanduiding van die bane waarlangs die ondersoek na die wese van die mens gestuur moet word.

Enige ondersoek wat slegs die mens in sy werke in oënskou neem, kan nooit tot die diepste wese van die mens deurdring nie. Die mees fundamentele kenmerk van die mens is, soos ons hierbo probeer aantoon het, sy God-gebondenheid en vanuit hierdie teosentriese standpunt alleen kan die mens volkome verklaar word.

HOOFSTUK 14 DIE SIMBOOL EN DIE SIMBOLIESE FUNKSIE

1. Inleidings. In hierdie kritiese bespreking van die simbool en die simboliese funksie bepaal ons ons by sy algemene siening hiervan en nie hoedat dit van toepassing is in die verskillende kultuursektore nie. Dit gedoen word wanneer ons die kultuursektore apart bespreek.

Cassirer se simboolbeskouing is die sentrum waarom sy hele mens- en wêreldbeskouing draai. Dit is die simboliese funksie wat die mens werklik tot mens maak en hom onderskei van die dier; deur sy simboliese funksie word hy in staat gestel om 'n eie wêreld met sy orde en sisteem daar te stel; dit is die simboliese funksie waarin die algemeen-menslike, die noodwendig-menslike en die identies-menslike aangetref word, nie teenstaande verskille in kultuur en ontwikkeling, by alle volke te alle tye.

Hy trek 'n baie duidelike skeidslyn tussen die tekens waarop diere reageer en die simbole wat mense maak.¹ Hy sien ook nie die simbool soos ons dit sien nie naamlik iets wat in die plek van iets anders kom (Id quod stat pro quo) want dit gaan vir hom nie oor die inhoud van die simbool nie. Hy sien die simbool suiwer funksioneel en deur hierdie funksionele handeling betree die mens 'n nuwe dimensie naamlik die van "meaning" en dit "from inside to outside". Dit is ook in hierdie struktureelbepaalde funksie dat die simbool universele toepasbaarheid verkry. Die veranderlikheid en versatiliteit van die simbool het te doen met sy inhoud en nie sy funksie nie; daarom is hierdie veranderlikheid en versatiliteit nie in stryd met die universele toepasbaarheid - wat in die struktuur lê - nie, maar 'n korrelaat daarvan. Ons het hier 'n mooi voorbeeld van hoe Cassirer die genetiese met die transendentale verbind: die inhoud sien hy geneties en die vorm, struktuur en funksie transendentiaal. Dit is ook ten slotte kragtens die simboliese funksie dat die mens hom al hoe meer losmaak van die natuur- en sintuiglikgebondenheid, want in die skepping van sy eie wêreld "man converses with himself" in al toenemender mate. Die rigting in die simboolfunksie is na 'n meer ideële simboliek en suiwer sinvolheid. Dit is dus duidelik waarom die hoogste doel van die mens se lewe selfbevryding is en waarom hierdie proses langs die weg van selfkennis moet gaan.

2. Die aard van die simbool. Soos ons reeds gesê het, sien Cassirer glad nie die simbool soos ons dit sien nie. Vir hom is dit 'n funksionele menslike skepping, terwyl dit vir ons iets is wat staan in die plek van iets anders. Vir hom het die simbool waarde vir sover dit sin en beteke-

1. Sien hoofstuk 4.

nis aan ervaring gee terwyl die doeltreffendheid van die simbool vir ons daarin lê dat dit 'n duidelike voorstelling is van iets wat reeds vir ons sin en betekenis het. In sy ontleding van die gevalle van Helen Keller en Laura Bridgman kom hierdie foutiewe siening duidelik aan die lig. Die ontdekking dat die woord water, wat sy reeds geleer het, nie maar net 'n teken is wat saam met haar ervaring van water 'n assosiasie vorm nie, MAAR 'N SIMBOOL IS WAT AAN 'N VERSKEIDENHEID VAN LOSSE ERVARINGS SIN EN BETEKENIS GEE, het, volgens Cassirer 'n intellektuele rewolusie by haar tot stand gebring.¹ Die simboliese funksie het in aksie getree. Volgens ons analise het iets heeltemal anders plaasgevind. Uit haar losse ervarings van water het sy alreeds 'n begrip gevorm van wat water is; sy het met ander woorde uit haar sintuiglike ervarings reeds water as 'n identiteit wat vir haar sin en betekenis het, geïsoleer - sy het 'n begrip daarvan gevorm. Saam met hierdie ervarings van water het steeds die teken (woord) water gekom. Dit moes haar gees verwar het want hier kom iets by wat nie pas by die begrip water nie. 'n Mens kan beseef dat daar blydschap was toe sy die teken van die begrip kon isoleer - toe sy beseef dat die teken staan in die plek van water, wys heen na water. Die teken het 'n simbool geword en die groot ontdekking was dat dinge name het. Die simbool het nie vir haar sin en betekenis in haar ervaring gebring nie maar SY HET 'N MIDDEL GEVIND WAARDEUR SY NA DINGE KON HEENWYS EN DIE SIN EN BETEKENIS WAT DIE DINGE VIR HAAR HET KON WEERGEË. Hierdie sin en betekenis lê in die dinge self - dit moet net ontdek en blootgelê word. Hierin lê die kardinale verskil tussen ons siening van die simbool en die van Cassirer.

Die aard van die simbool lê dus vir Cassirer in sy funksie van orde-skepping. Deur middel van die simbool skep die mens vir hom 'n eie wêreld van sinvolheid en hierdie sinvolheid lê in die gees van die mens self. Hierteenoor handhaaf ons 'n radikaal teenoorgestelde standpunt. Buite die mens bestaan daar 'n wêreld wat van die mens onafhanklik is, 'n wêreld met sy eie orde, eie sin en eie openbaring. Die mens het voortdurend kontak met hierdie wêreld en deur middel van die simbool kan hy dit reproduseer op sinvolle wyse en die sin en orde wat hy daarin vind blootlê.

Waar vir Cassirer die aard van die simbool in die beelding lê, lê dit vir ons in 'n sekere sin in die afbeelding.

3. Die objektiwiteit van die simbool. Alhoewel die simbool 'n skepping van die menslike gees is, het dit volgens Cassirer, objektiewe en algemeengeldige betekenis. Dit lê nie in die inhoud van die simbool nie, maar in sy struktuur waarvolgens dit sy funksionele taak kan uitvoer.

Cassirer kan beswaarlik van objektiwiteit in sy simboolbeskouing praat. Objektiwiteit dui heen na 'n objek, na 'n ware siening van die objek. As die objektiwiteit dan lê in die siening (strukturele bepaaldheid van die simbool) en nie in die verhouding van die kennis of insig en die objek nie, is dit 'n foutiewe beklemtoning. Nie die proses nie maar die resultaat van die proses is van belang; of anders gestel, as die mens (die subjek) deur die simboliese funksie (proses) tot die ware insig

of kennis van die objek(objektiwiteit) wil deurdring moet die klem op die laaste val en dit lê buite die mens. As die proses die insig of kennis moet bepaal dan bly dit subjekgebonde en kan daar nie van objektiwiteit gepraat word nie. Die simbool is afhanklik van die gegewenheid of werklikheid wat buite die mens lê en is dit nie 'n onafhanklike konstruksie wat die waarheid of werklikheid bepaal nie.

4. "Signs and signals" onderskei van die simbool. In sy onderskeiding van bogenoemde kom Cassirer tot 'n noukeurige bepaling van sy simboolbeskouing. Alhoewel ons geredelik met Cassirer saamstem dat daar 'n wesenlike verskil tussen die twee is, kan ons nie al die gevolgtrekkings waartoe hy kom, onderskryf nie. Sommige van die gevolgtrekkings is reeds hierbo bespreek en ander word later onder ander hoofde bespreek. Wat hier volg is enkel losstaande opmerkings.

As Cassirer stel dat by simbole die funksionele sirkel vergroot word sodat die reaksie op prikkels vertraag word en dat hy deur hierdie simboliese funksie 'n nuwe wyse gevind het om hom aan te pas, dan verbind hy begrippe wat nie verbind kan word nie. Die simboliese funksie kon nie uit aanpassing ontwikkel nie. Die twee is kwalitatief verskillend want aanpassing is 'n biologiese begrip en simboolvorming 'n teoretiese of geestelike funksie. Nog 'n implikasie van bostaande is dat die mens ten gevolge van hierdie aanwinst nie met die werklikheid in aanraking kan kom nie. Die simbool is volgens ons beskouing juis 'n middel om met die werklikheid 'n dieper kontak te kry; die simbool oorbrug die kloof tussen die gees van die mens en die werklikheid buite hom - en dit nie net van "inside to outside" nie. Die teenoorgestelde is ook waar.

Die simbool is volgens Cassirer, in sekere opsigte nie afhanklik van sintuiglike gegewens nie. Hy het in die opsig gelyk dat hoe verder 'n mens weg beweeg van die sintuiglike na die teoretiese hoe minder is hy van hulle afhanklik. As ons egter die simbole op die hoogste vlak - volgens hom - naamlik die suiwerwetenskaplike, noukeurig sou nagaan sou ons vind dat dit altyd 'n element van die sintuiglike het of daarvan afgelei is.

In die onderskeid wat hy trek tussen die simbool en die teken is dit duidelik dat die simbool en die simboliese funksie die wesenlike van die mens is. Dit lei hom tot 'n outonome mensopvatting. Die mens is genoegsaam in homself, is wetgewer van homself, die doel van sy bestaan lê in homself, ens. Hierdie humanistiese beskouing is vir ons prinsipieel onaanvaarbaar want volgens ons siening is die mens onselfgenoegsaam, lê die doel van sy bestaan in diens en tot eer van God, is hy aan die wet van God onderworpe, ens.

Alle kultuuraktiwiteite is volgens Cassirer simbool. Dit is nie die geval nie. Ons kan met 'n enkel voorbeeld volstaan. Die reg en die ekonomie wat kultuuraktiwiteite is, maak gebruik van simbole maar is self geen simbool nie.

Vir Cassirer is die simbool van meer belang as dit wat hy simboliseer.

Die teenoorgestelde is waar. Die nasie is tog immer hoër as die vlag wat die simbool daarvan is. Die simbool is wesenlik onselfstandig en kan nooit 'n doel op homself wees nie, soos Cassirer dit wil, maar is slegs 'n middel tot 'n doel wat hoër as die simbool is.

5. "The world of meaning". Cassirer se simboolbeskouing lei hom tot verskillende teenstellings of dualismes. Hy onderskei tussen dier en mens, tussen tekens en simbole, tussen die fisiese wêreld en die simboliese wêreld, tussen die "world of being" en die "world of meaning". Ons aanvaar ook hierdie dualismes maar op heel ander gronde as wat hy dit doen. Soos hy dit stel is die dualismes dikwels vals. Ons bepaal ons by die laasgenoemde want hierin lê al die ander opgesluit.

In sy mensbeskouing gaan Cassirer van die dogmatiese stelling uit dat menslike kennis uiteraard simboliese kennis is en dat die menslike intellek simbole nodig het om te fungeer. Menslike kennis, dit wil sê dit wat vir hom betekenis het, is in die simbole vasgelê; daarom bestaan daar in die fisiese wêreld nie simbole nie. By die dier is daar nog geen onderskeid tussen "being" en "meaning" nie. By die primitiewe mens bestaan die twee maar hulle is nog nie skerp onderskei nie. Hoe hoër die mens egter ontwikkel hoe sterker word die onderskeid totdat die mens uiteindelik in 'n suiwere wêreld van "meaning" kan beweeg.

Teenoor hierdie uitgangspunt en beskouing neem ons prinsipiële standpunt in. Die hele kosmos - "being" sowel as "meaning" - is 'n groot eenheid met 'n samehangende verskeidenheid. Daarom kan die twee nie teenoor mekaar gestel word nie.

Dit is 'n verlagings van die fisiese univers om die sin en orde daarin aan die mensgemaakte simbool onderhewig te stel. Dinge het ook "meaning" en die "meaning" is ondergeskik aan die "being" en dit kan nie daarteenoor staan nie.

Volgens Cassirer bestaan die teoretiese wêreld in terme van die simboliese. Dit is egter nie die geval nie. Waarvan is 'n hipotetiese veronderstelling byvoorbeeld 'n simbool? Om nog 'n voorbeeld te noem: Cassirer sê dat die sedelike nie gegee is nie maar steeds in wording is. Dit is nie die geval nie want beide is waar; dit is gegee en dit is in wording. Die wording kan in die simboliese funksie lê, maar die prinsipiële is godgegewe en nie die produk van die mens se simboliese skepping nie. Dieselfde geld mutatis mutandis ook vir die ander kultuursektore. Die "meaning" lê dus nie net opgesluit in die simbool nie en kan sy dualisme dus hier ook nie opgaan nie.

6. Die simboliese funksie as antwoord op die vraag : Wie is die mens? Die filosofie van die simboliese vorme gaan van die veronderstelling uit dat 'n omskrywing van die aard van die wese van die mens funksioneel moet wees en nie substansieel kan wees nie. Hierdie dualisme tussen substansie en funksie is te eng. In werklikheid is dit nie 'n dualisme nie maar 'n veeldeling. Beide substansie en funksie moet in ag geneem word om 'n verklaring te vind vir die wese van die mens. Waar hy hom ook beperk tot 'n funksionele analise kom hy werklik nie ver nie. Na baie ontleding vind

hy die kenmerkende van die mens in die funksionele wat in werklikheid nie veel sê nie.

'n Ander stelling wat hy maak is dat 'n analise van die fundamentele struktuur van die menslike aktiwiteite ons in staat stel om hierdie aktiwiteite as 'n organiese geheel te sien.

'n Analise van die struktuur van die menslike aktiwiteite is nog nie 'n analise van die mens self nie; daarom kan 'n analise van al die verskillende menslike aktiwiteite (kultuursektore) nooit die mens as organiese eenheid verklaar nie. Hierdie kultuursektore is die resultaat van die aktiwiteite van die mens en nie sy samestellende dele nie.

Die band, stel hy verder, wat hierdie verskillende kultuuraktiwiteite saambind is 'n *vinculum functionale*. In al hierdie aktiwiteite moet ons die gemeenskaplike oorsprong opspoor en hierin die eenheid van die mens soek. Daar is egter 'n dieper eenheid in die mens en ook in sy verskillende kultuurskeppinge as die onderlinge verbondenheid wat in sy simboliese funksie gegee is. As Cassirer dus die mens en sy eenheid prinsipieël vanuit simboolvorming wil verklaar neem hy 'n gedeelte vir die geheel aan (*pars pro toto*).

In 'n filosofiese sintese van die mens moet gesoek word na 'n eenheid van handeling en 'n eenheid in die proses van skepping. Die gevolge van die handeling en die produkte van die skepping is te veelvoudig in die verskillende kultuursektore. "In the boundless multiplicity and variety of mythical images, of religious dogmas, of linguistic forms, of works of art, philosophic thought reveals the unity of a general function by which all these creations are held together."¹

Om die wesenlike van die mens te soek in so 'n algemene funksie kan ons nie bevredig nie. Dit is só algemeen omdat dit so 'n groot verskeidenheid moet dek, dat daar nie veel gesê word nie. Hy probeer om hierdie moeilikheid te omseil deur die funksie te omskrywe as die funksie tot selfbevryding. Al sou ons hierdie algemene funksie toegee, het Cassirer tog nie tot die wesenlike van die mens deurgedring nie. Daar is nog ander en belangriker funksies wat die mens in sy menswees moet vervul soos reeds hierbo uiteengesit. Dit is 'n miskennis van die wese van die mens om in 'n mensverklaring nie rekening te hou met sy geskiedenis na die beeld van God, met sy sondeval en sondegebondenheid, met sy wesenlike onselfstandigheid en afhanklikheid van God, ens. nie. (sien eie mensbeskrywing hierbo).

HOOFSTUK 15 DIE MENS EN SY KULTUUR : DIE KULTUURSEKTORE

1. Mite en Godsdiens. In sy ontleding van mite en godsdiens probeer Cassirer aantoon dat hierdie maar net 'n ander terrein is waarop die mens deur middel van sy simboliese funksie tot selfkennis en selfbevryding kom. In 'n oortuigende en hoogs wetenskaplike ontleding probeer hy aantoon hoe dat die mens ook in sy godsdiens hom geleidelik losgemaak het van natuurgebondenheid en ontwikkel het tot die vryheid van selfbepaling in die verwesenliking van die hoogste ideaal. Hierdie ontwikkeling word aangedui